BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Vrydag 7 Julie 1978 — WINDHOEK — Friday 7 July 1978 — No. 3784

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

---

No. 171] [7 Julie 1978

ORDONNANSIE, 1978: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 9 van 1978 Ongemagtigde Uitgawes (1976-77) Ordonnansie, 1978

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administration of South West Africa
Windhoek.

---

No. 171] [7 July 1978

ORDINANCE, 1978: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 9 of 1978 Unauthorised Expenditure (1976-77) Ordinance, 1978

**No. 9 van 1978** ONGEMAGTIGDE UITGAWES (1976-77) ORDONNANSIE, 1978

*(Goedgekeur 26 Junie 1978)*
*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 7 Julie 1978)*

# ORDONNANSIE

Tot beskikbaarstelling van 'n verdere bedrag geld vir die dienste van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op 31 Maart 1977 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongemagtigde uitgawes.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Gebiedsinkomstefonds belas met R139 694,48.

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hierby belas met die bedrag van een honderd nege-en-dertig duisend ses honderd vier-en-negentig rand en agt-en-veertig sent tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die dienste van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op 31 Maart 1977 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae en word nader omskryf in paragraaf agt bladsy sewe van die Verslag van die Ouditeur-generaal oor die rekenings vir vermelde boekjaar wat aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is (S.W.A. 1-1978) en in die Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge, 1978.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ongemagtigde Uitgawes (1976-77) Ordonnansie, 1978.

**Bylae**

| Begrotingspos | | Bedrag |
|---|---|---|
| No. | Titel | R |
| 7 | Natuurbewaring en Toerisme | 139 694,48 |
| | TOTAAL | 139 694,48 |

UNAUTHORISED EXPENDITURE (1976-77) ORDINANCE, 1978 **No. 9 of 1978**

*(Assented to 26 June 1978)*
*(English text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 7 July 1978)*

# ORDINANCE

To appropriate a further amount of money for the services of the Territory of South West Africa for the financial year which ended 31 March 1977 for the purpose of meeting and defraying certain unauthorised expenditure.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:–

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with the amount of one hundred and thirty-nine thousand six hundred and ninety-four rand and forty-eight cent to defray certain expenditure over and above the amount appropriated for the services of the Territory of South West Africa for the financial year which ended 31 March 1977. Such expenditure is set forth in the Schedule and is more fully described in paragraph eight page seven of the Report of the Auditor-General on the accounts for the said financial year which has been submitted to the Legislative Assembly (S.W.A. 1-1978) and in the Report of the Select Committee on Public Accounts, 1978. Territory Revenue Fund charged with R139 694.48.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorised Expenditure (1976-77) Ordinance, 1978. Short title.

**Schedule**

| Vote | | Amount |
|---|---|---|
| No. | Title | R |
| 7 | Nature Conservation and Tourism | 139 694,48 |
| | TOTAL | 139 694,48 |